## BOEKBESPREKING

*Jeppe, Harold*: South African Artists, 1900-1962: pp. 172, 48 afb. (11 in kleur); Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1963; R3-50. (Afrikaanse uitgawe vertaal deur Anna Vorster, 1964).

Hierdie boek is die gesamentlike werk van drie mense. Toe Harold Jeppe die plan opgevat het om die boek saam te stel, het hy bemerk dat mnr. Neville Dubow en mev. Esmé Berman alreeds oor 'n aansienlike hoeveelheid gegewens beskik het. Hulle was bereid om dit af te staan. Dit is egter duidelik in die boek aangegee wanneer 'n stuk van hierdie twee meewerkers afkomstig is: ND of EHB, hulle voorletters.

Elkeen wat hom al met die opstel van kort biografieë besig gehou het, weet hoe ontsaglik moeilik dit dikwels is om die mees elementêre gegewens in hande te kry. Party kunstenaars het uit Suid-Afrika vertrek, ander is oorlede en die nabestaandes beskik dikwels nie meer oor die gevraagde inligting nie. Gevolglik moes die skrywers hulle by sommige belangrike kunstenaars met minder tevrede stel as wat oor minder vooraanstaande persone verkry kon word. Hierdie onewewigtigheid kan nou eenmaal nie verhelp word nie en ons mag dankbaar wees dat nie getrag is om die juiste perspektief tussen die persone te verkry nie, ten koste van baie interessante gegewens.

Die boek is gerieflikheidshalwe hoofsaaklik volgens medium ingedeel: skilders, beeldhouers, seramiek en mosaiek, weefwerk en ten slotte voëls en plante. Alles tesame vind ons die biografieë van 'n indrukwekkende aantal kunstenaars onder hierdie hoofstukke verdeel.

Tereg wys die skrywer daarop dat, wanneer ons die bevolkingsgetal in aanmerking neem, die aantal goeie kunstenaars in Suid-Afrika verheugend groot is. Dit is egter 'n voorraad talent waarvan ons 'n versigtige gebruik behoort te maak en wat op baie meer ondersteuning geregtig is as wat dit in werklikheid dikwels ondervind!

Ook is dit duidelik dat kuns in ons land hom vandag grotendeels losgeruk het van konvensionele bande en hom vryelik kan ontwikkel volgens opvattings en vaardigheid van die kunstenaars self.

Jeppe bly baie terughoudend in die uitoefening van kritiek op kunswerke. Slegs hier en daar tref mens los opmerkings aan wat bewys dat hy wel deeglik oor 'n baie skerpe oog en 'n uitstekende onderskeidingsvermoë beskik. Oor Moses Kottler lees ons dat sy werk 'n „immense scope and content" het, „he is one of our few masters". Die werk van Adelph Jentsch besit „the quiet strains of a muted spinet". Raak woorde oor die beste werk wat vandag in ons land geskep word!

Slegs by die kunskenners en historici het persoonlike voorkeur 'n bietjie oorweeg. Ek kon slegs twee ontdek en altwee uit Johannesburg. Hier behoort in 'n volgende druk 'n redelike aanvulling te kom.

Die boek is in 'n baie handige afmeting uitgegee. Die afbeeldings is duidelik en die groot aantal kleurplate is 'n sukses. Dit is 'n uitstekende en ook noodsaaklike naslaanwerk, wat in geen openbare biblioteek, skoolversameling of in die besit van enigeen wat vir ons kuns belangstelling het, mag ontbreek nie.

F. G. E. Nilant.

*Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Oranje-Vrystaat No.* 4, Notule van die Volksraad van die Oranje-Vrystaat (met bylaes), 1859. Persklaar gemaak deur P. F. van der Schyff, M.A. (redakteur), pp. XXII, 401, Staatsdrukker, Kaapstad, 1965.

Vir alle navorsers oor die Vrystaatse geskiedenis sal hierdie vierde deel van die reeks, *Notule van die Vrystaatse Volksraad*, baie welkom wees. Hoewel mens nie mag beweer dat die een jaar in die geskiedenis belangriker is as 'n ander jaar nie, of een tydperk as 'n ander tydperk nie, is die jaar 1859 in dié opsig in die Vrystaatse

geskiedenis van belang dat dit beskou kan word as die afsluiting van die eerste fase van die geskiedenis van hierdie republiek, die tydperk van presidente Hoffman en Boshof. Daarom is dit van belang om die argivale neerslag van die jaar, vir so ver dit die volksraad betref, hier in 'n handige gedrukte formaat voor ons te hê.

Na die gebeurtenisvolle twee jare 1857 en 1858 het daar in 1859 veel minder voorgeval en vorm die jaar enigsins 'n antiklimaks. Die groot strewe na vereniging met Transvaal het die vorige jaar reeds verongeluk deur die ingryp van sir George Grey. Grey se eie strewe na 'n federasie, waartoe die Vrystaters byna oorgehaal is, het ook in 1859 finaal skipbreuk gely deur die veto van die Britse regering. In verband hiermee kry ons slegs die volgende lakonieke mededeling in die notule: „Aangezien de aangelegenheid van eene foederatie niet meer ter sprake gebragt kan worden dewijl de Engelsche regering zich daartoe ongenegen heeft verklaart, acht de Raad het nutteloos de memories, welke voor of tegen de zaak ingezonden zijn, in behandeling te nemen . . . " (p. 69; 24 Aug. 1859).

Op die vraag waarom pres. J. N. Boshof in die loop van die jaar as president bedank het, gee die notule sowel as die bylae geen afdoende antwoord nie; ook nie oor hoe die bedanking deur die Vrystaat opgeneem is nie.

Bogenoemde twee gevalle dien as voorbeeld van hoe gevaarlik dit is om die verlede te probeer rekonstrueer uit slegs 'n beperkte voorraad bronne soos hier uiteraard gegee word. Geskiedenis kan alleen geskryf word as *alle* bronne oor 'n bepaalde onderwerp in hulle samehang met mekaar ondersoek word. Daar moet dus altyd in gedagte gehou word dat bronnepublikasies soos hier gegee word, hoe waardevol en hoe welkom dit ook al is, nooit die argief as sodanig kan vervang nie.

Die publikasie is weer met die noukeurigheid en wetenskaplikheid versorg wat mens van die reeks gewoond is. Dit spyt my egter dat die tegniese versorging tog wat te wense oorlaat. In die eksemplaar wat ter resensie gestuur is, is die bladsye na p. 365 deurmekaar ingebind. Terloops wys ek ook daarop dat in die register die president se naam as *J. N. Boshoff* geskryf word, terwyl dit orals in die voorwoord en die teks as *J. N. Boshof* voorkom. Dit werk die verwarring wat daar reeds bestaan oor die skryfwyse van die naam nog verder in die hand.

F. J. du T.

*Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* Ses en twintigste jaargang, deel II; R5-00; Staatsdrukker, Pretoria, 1964:

*Van Heerden, J. J.*: Die Kommadant-generaal in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, pp. 1-198.

*Stander, H.*: Die verhouding tussen die Boere en die Zoeloe tot die dood van Mpande in 1872, pp. 199-392.

Die eerste deel van bogenoemde argief-jaarboek bevat die doktorale proefskrif van dr. J. J. van Heerden wat uit die jaar 1949 dateer. Dit verbaas mens dat hierdie waardevolle en vir die studie van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek belangrike werk nou eers in die reeks van die Argief-jaarboek opgeneem is en nou eers aan 'n groter publiek bekend gestel word.

As die skrywer tans sy boek moes oorgeskryf het sou dit seker enigsins anders uitgeval het. Ek meen by die herlees daarvan op te merk dat ons hier met 'n enigsins verouderde werk te doen het, en dit nie alleen wat die aanwending van literatuur betref nie. Verskeie werke het sedert 1949 verskyn wat vir die onderwerp van belang is. Die skrywer het dit goedgedink om sulke werke nie in sy literatuurlys op te neem nie en ook nie in voetnote daarna te verwys nie. Ook doen dit vreemd aan dat in die literatuurlys onder die hoof *Ongepubliseerde Sekondêre Bronne* daar etlike werke voorkom wat sedert 1949 wel in druk verskyn het. Maar, blykbaar is die besluit geneem

dat die werk presies so moet verskyn soos dit in 1949 as proefskrif aangebied is. En so moet die leser dit aanvaar. Maar dan moet dit in alle billikheid ook steeds in gedagte gehou word.

'n Mens is geneig om die werk van dr. van Heerden langs die van dr. J. S. du Plessis te plaas, nl. *Die ontstaan en ontwikkeling van die amp van die Staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek* (Argief-jaarboek, 1955 I). Waar dr. du Plessis die *amp* van die staatspresident ontleed, d.w.s. die staatsregtelike magte en beperkings daarvan nagaan, daar gee dr. van Heerden veel minder ontleding van die *amp* van die kommandant-generaal met al die magte en pligte daaraan verbonde. Sy werk is meer 'n geskiedenis van die optrede en dade van die verskillende kommandant-generaals dwarsdeur die lotgevalle van die Suid-Afrikaanse Republiek. Miskien leen sy onderwerp hom nie daartoe om so ontledend te werk te gaan nie, maar die titel van sy werk wek tog die verwagting dat hy meer die staatsregtelike grondslae van die kommandant-generaalskap sou ondersoek het.

Behoudens bogenoemde beswaar het ek tog alle waardering vir die boek van dr. van Heerden. Dit vorm 'n goeie oorsig van die rol van die verskillende kommandant-generaals dwarsdeur die Transvaalse geskiedenis. Dit berus op deeglike navorsing en is onderhoudend geskryf, veral omdat die karaktertrekke van die verskillende persone na vore kome.

Die skrywer gaan eers die ontstaan en opkoms van die kommandant-generaalskap na soos dit uit die Groot Trek te voorskyn gekom het; vervolgens die stryd tussen volksraad en kommandant-generaal; daarna veral die rol van Potgieter as hoof-kommandant; vervolgens die burgerstryd waarin die kommandant-generaal vanselfsprekend gemeng is. Die verwarrende beginjare van die Suid-Afrikaanse Republiek word hier enigsins van 'n ander hoek gesien. Vervolgens bevat die boek 'n uiteensetting van die aandeel wat kommandant-generaals Kruger, Joubert en Botha agtervolgens in die lotgevalle van die Republiek gehad het.

Ek vind dit jammer dat die tegniese versorging van die werk nogal heelwat te wense oorlaat. Dat daar drukfoute in voorkom is miskien nog verskoonbaar, maar dat die meeste van die drukfoute eintlik tikfoute is wat in die afgerolde werk voorkom, soos dit in 1949 aangebied is, vind ek onvergeeflik. In die eksemplaar wat ons ter resensie toegestuur is, ontbreek ook bladsy 36 tot 53; dit het met die inbind gewoonweg uitgeval.

Die ander proefskrif wat in die boekdeel opgeneem is, is die van dr. H. Stander, waarmee hy in 1963 die doktorsgraad in Geskiedenis behaal het, nl. *Die verhouding tussen die Boere en die Zoeloe tot die dood van Mpande in* 1872.

Uit die aard van sy onderwerp moes die skrywer, wat die eerste deel van sy onderwerp betref, bekende Voortrekkergeskiedenis herhaal. Hoewel dit bekende terrein is, sou mens tog verwag het dat hy 'n oorspronkliker siening daaroor ontwikkel het. Dit het nie gebeur nie. In hoofsaak word die lotgevalle van die Voortrekkers in Natal, in hierdie geval meer in besonder hulle botsings met en verhouding tot die Zoeloe, behandel. Hoewel die skrywer se navorsing kennelik nougeset en uitgebreid was, is daar tog nie genoeg kritiese ontleding nie, veral van die gegewens wat deur ouer skrywers soos Stuart, Theal en Preller verstrek word. Ook maak die skrywer nie altyd voldoende onderskeid tussen wetenskaplike literatuur waarvan die weergawe van feite min of meer verantwoord is en werke van 'n meer populêre aard nie.

Dié gedeelte van die werk wat die periode na 1840 behandel, staan na my oordeel op hoër peil. Hier het die skrywer aan die hand van deeglike navorsing iets oorspronkliks gelewer. Hy slaag daarin om, ten spyte van uiteenlopende en soms verwarrende gegewens, 'n besonder leesbare en selfs boeiende weergawe van die ontwikkeling van gebeure te gee. Hy skets 'n aanvaarbare beeld van Mpande, wat ten spyte van

goeie bedoelings, tog in wese swak was, die slagoffer van botsende belange van Boere en Engelse en van sy eiee wederstrewige onderkapteins. 'n Mens kom ook onder die indruk van hoe verstrengeld die lotgevalle van die Zoeloe was met dié van die republikeinse Boer in Natal en die Britse bewind. Die skrywer kom tot die slotsom dat die beleid van die Boere daarop gemik was om die Zoeloe tot 'n nasionale eenheid binne sy gebied te laat ontwikkel, terwyl die Britse beleid op denasionalisering en verbrokkeling van die Zoeloenasie afgestuur het.

Die werk van dr. Stander voorsien in 'n gevoelde behoefte om beter begrip insake die verhouding tussen wit en swart soos dit in die verlede bestaan het, iets wat vir ons huidige beleidsrigtings baie noodsaaklik is.

F. J. du T. Spies.

*Bruin, Drs. J. R. uitgegeven door*: De oorlogvoering ter zee in 1673 in journalen en andere stukken; pp. 252, Derde serie, nr. 84, Werken uitgegeven door het Historisch Genootschap (gevestigd te Utrecht), J. B. Wolters, Groningen, 1966.

Hierdie jongste uitgawe van die *Historisch Genootschap* is gewy aan die Nederlandse oorlogvoering ter see gedurende die kritieke jaar 1673. Franse, Munsterse en Keulse troepe het 'n deel van die grondgebied van die Nederlandse Republiek beset en van oorsee het nog aanhoudend gevare van die kant van die Franse en die Engelse gedreig. Na die krisisjaar 1672, waarin die Staatsgesindes onder Johan de Witt die veld moes ruim en die jong stadhouer Willem III met vaste hand landsake begin bestuur en die grootste gevare tydelik afgewend het, bly ook 1673 nog 'n belangrike jaar in die geskiedenis van die Republiek. Nie alleen het die Nederlandse seestrydkragte defensief opgetree nie, maar ook meer as een keer tot die aanval oorgegaan, drie uiters belangrike seeslae gelewer (Schooneveld, 7 Junie 1673 en 14 Junie 1673; Kijkduin, 21 Augustus 1673) en daardeur onnoemlik veel daartoe bygedra dat die dikwels haglike oorlogskanse vir die Republiek 'n besonder gunstige wending geneem het. Hooffiguur op die toneel van hierdie kragmeting ter see was die bekende luit.-adm.-genl. Michiel A. de Ruyter. Een van sy vlagoffisiere was Isaäc Sweers en een van sy ander ondergeskiktes sy seun skout-by-nag Engel de Ruyter.

Aan die hand van die joernaal van M. A. de Ruyter, die bewerkte dagregister van Sweers (bewerk deur sy jongste seun) en die joernaal van Engel de Ruyter word die gebeurtenisse ter see in 1673 veelsydig belig. Veelvuldige, rykgeskakeerde aantekeninge en registers van persoons-, skeeps- en aardrykskundige name en 'n deeglik saamgestelde glossarium is kosbare bronne van inligting.

In De Ruyter se joernaal kry ons insig in allerlei vraagstukke soos die beriggewing en die bevoorrading ter see, die wyse van oorlogvoering en hier en daar ook oor die gemoedsgesteldheid van die outeur en sy skepelinge. Treffend is die gebruik van vernederlandse Engelse plekname soos *Garmuyden* (Yarmouth), *Groenwyts* (Greenwich), *Konynckxdyep* (Kings Channel), *Marygaet* (Margate), *Noort-Voorland* (North Foreland), *Pleymuyden* (Plymouth) en *Vlamburch* (Flamborough). Dan is daar die feitlik onopvallende beskrywing van die gebeurtenisse waarop bogenoemde belangrike seeslae plaasgevind het. Die keerpunt van die eerste seeslag van Schooneveld beskryf De Ruyter in die volgende woorde: „Wij cregen den vijant aen het wijcken."

Besonder belangrik is 'n oorsig oor die samestelling van die Nederlandse vloot op 17 Augustus 1673, m.a.w. vier dae voor die slag by Kijkduin. In totaal was die vloot op daardie dag beman met 17,368 matrose, 2,092 soldate en 4,223 kanonne. Die vloot was verdeel in drie eskaders (eskader De Ruyter, eskader Bankert, eskader Tromp) en elkeen van hierdie eskaders weer in drie smaldele.

J. Ploeger.